2021

SKOLE EN OPVOEDERS SE PLIG BY DIE VERMOEDE VAN MISHANDELING, SEKSUELE GEWELD, TEISTERING OF BEEINDIGING VAN SWANGERSKAP.

Hierdie dokument moet gelees word in samehang met alle ander beleidsdokumente van Gelofte Skool en protokolle soos voorgeskryf deur die Departement van Basiese Onderwys.

Die volgende dokumente se reëls moet saamgelees en in die gedragskode geïnkorporeer word as aanhangsels:

- AKADEMIESE INLIGTING GRAAD 8 – 12.
- AKADEMIESE PRIMÊRE INLIGTING VIR LEERDERS GR.4-7 -TOETSE EN EKSAMEN.
- SOSIALE MEDIA EN INLIGTINGSTELSELS
- DWELMBELEID
- DEPARTEMENTELE PROTOKOL - Sexual Abuse and Harassment in Schools 2019

1. SEKSUELE MISHANDELING

Seksuele geweld sluit die volgende in:

- Seksuele teistering
- Aanranding
- Verkragting
- Seksuele mishandeling
- Seksuele aanranding of dwang tot seksuele aanraking van ‘n ander se privaat dele (mond, hoofgeslagarea,lieste,boude,borste en klere wat hierdie dele bedek
- Enige vorm van pornografie
- Onthou: seksuele mishandeling hoef nie noodwendig fisiese kontak te behels nie.

Opvoeders moet bedag wees op enige aanduidings van moontlike seksuele mishandeling. Moontlike aanduidings kan sigbare merke of wonde op die leerder se liggaam wees of ‘n verandering in die leerder se gedrag of persoonlikheid. Dit is egter uiters belangrik dat die opvoeder nie enige gedragsverandeing of persoonlikheidverandering bloot toeskryf aan seksuele mishandeling nie. Hierdie veranderinge kan aan vele ander faktore toegeskryf word bv. egskeiding.

Die opvoeder moet die situasie met gevoeligheid hanteer en die leerder se grondwetlike reg op privaatheid moet te alle tye gerespekteer word.

1.2 Wat staan ‘n opvoeder te doen as hy/sy vermoed dat ‘n kind seksueel mishandel word?

1.2.1 Indien ‘n leerder aan ‘n opvoeder bekend maak dat hy / sy seksueel mishandel word, moet die opvoeder aan die leerder verduidelik dat die wet die opvoeder verplig om die mishandeling by die aangewese owerhede aan te meld. Indien die opvoeder ‘n ernstige vermoede het dat die leerder seksueel mishandel word, moet dit ook aangemeld word, waarna daar ‘n ondersoek ingestel sal word.

1.2.2 Die opvoeder moet sy / haar vermoedens aan die skoolhoof rapporteer, waarna die maatskaplike werker of welsynorganisasie genader sal word om verdere reëlings te tref en berading aan te bied. Maatskaplike werker/Voorligter voltooi vorm 22.

1.2.3 Geen opvoeder wat so iets in goeder trou aanmeld sal vir enige voortvloeiende siviele aksie aanspreeklik gehou word nie.

1.3 Kennis van seksuele mishandeling en die versuim om dit aan te meld

Volgens die Wet op Seksuele Misdrywe en die Wet op Voorkoming van Gesinsgeweld is ‘n persoon wat bewus is van ‘n seksuele misdryf teen ‘n kind en versuim om dit aan te meld, skuldig aan ‘n misdryf en is strafbaar met ‘n boete, gevangenisstraf van tot 5 jaar, of albei.

‘n Persoon kan slegs van hierdie plig afstand doen indien hulle oor ‘n geldige verweer, soos noodsaaklikheid, beskik. Dit is wanneer ‘n persoon optree om sy / haar eie of iemand anders se regserkende belange wat deur onmiddellike gevaar bedreig word, te beskerm, soos hulle lewe of liggaamlike integriteit, of waar ‘n meisie wat verkrag is dreig om haarself skade aan te doen.

2. Die beëindiging van swangerskap, en vertroulikheid

Die Wet op die Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap bepaal dat ‘n vrou van enige ouderdom tot die beëindiging van haar swangerskap kan toestem en dat alle inligting tussen die dokter of vroedvrou en pasiënt vertroulik is. Hierdie vertroulikheidsreël geld nie vir die opvoeder / leerderverhouding nie.

Die reg verwag van die opvoeder om te alle tye in die plek van die ouer (diligent paterfamilias) op te tree. Opvoeders het dus die sorgplig om leerders teen enige vorm van mishandeling en geweld by die skool te beskerm.

Indien ‘n opvoeder daarvan bewus is dat ‘n leerder haar swangerskap wil beëindig, maar van mening is dat dit die leerder sal benadeel, moet die opvoeder verdere hulp vir die leerder bekom. Die skool se maatskaplike werker / sielkundige moet ingelig word, wat indien nodig die ouer sal meedeel.

3. Vertroulikheid en MIV/Vigs

Geen leerder is verplig om sy/haar MIV/Vigs – status aan die skool bekend te maak nie. Die persoon wat die diagnose hanteer hoef slegs die naaste familielede of die leerder se versorger oor sy/haar status in te lig.

‘n Kind bo 12 jarige ouderdom en ‘n kind onder 12 wat volwasse genoeg is kan toestem tot die openbaarmaking van sy / haar status. Indien die kind jonger is as 12 en nog nie volwasse genoeg is nie kan die ouer of voog, ‘n kinderbeskermingsorganisasie, ‘n hospitaal superintendent of kinderhof tot die openbaarmaking van sy/haar MIV/Vigs –status toestem.

Ongemagtigde openbaarmaking van MIV/Vigs-status of verwante inligting sal lei tot regsaanspreeklikheid.

4. Belangrike inligting

- Statutêre verkragting: die plaas van enige voorwerp in die vagina of anus met toestemming, terwyl die persoon onder 16 jarige ouderdom is en die oortreder is ouer as 16 jaar..
- Kinders tussen die ouderdomme van 12 en 15 mag wettiglik met mekaar seks hê.
- Geen kind onder die ouderdom van 12 mag toestemming gee vir seksuele omgang nie met iemand 16 jaar en ouer nie.
- Geen persoon wat verstandelik gestrem is mag toestemming gee vir seksuele omgang nie.

Hersien en goedgekeur Maart 2021.